# Die dikhuide van die Damara-dorsland



Navorsers en bioloë het eers gedink woestynaangepaste olifante is 'n subspesie van die Afrika-olifant (*Loxodonta africana*). Daar is egter geen genetiese verskille wat wetenskaplikes noop om hulle as 'n subspesie te klassifiseer nie. Damaraland se olifante is wel kleiner, met groter voete as hul familie van die savanne. Foto's: WILDERNESS

Die Namibiese woestynolifante het deur die eeue verskeie aanpassings ondergaan om in die ongenaakbare dorsland te oorleef. Om hulle van naby af in lewende lywe te sien is 'n hoogtepunt tydens 'n besoek aan Damaraland.



**IGA MOTYLSKA**
@igamotylska

Slaan jy 'n Namibiese reisbrosjure oop, is die kans goed dat jy die beskrywing "Die land wat in woede geskape is" iewers sal teëkom. Ek vind die beskrywing so 'n bietjie misleidend, veral wanneer dit by Damaraland in die westelik-sentrale deel van ons buurland kom.

Dit wil voorkom asof die hand agter die streek se natuurtonele meer berekend, selfs sorgvuldig was.

Soos ons deur die suidelike deel van die streek ry, smelt die rooibruin heuwels van die Etendeka-berge saam met 'n helderblou hemel. Dit verander die hele tyd. Soggens is die landskap 'n goudgeel, gloeiende gebrande sienna, ná skemer verkleur dit na dieprooi en wasige laventel wanneer die sonnetjie agter die westerkim verdwyn.

Damaraland is hoofsaaklik woestyn, maar nie in die sin van die Namib-woestyn met sy golwende duine nie. Geometriese basaltkoppies beklemtoon die landskap, waardeur die Huabrivier se droë rivierlope kronkel. Op die oewers groei witgatbome, platkroon-sekelbosse, mopanies en anabome. Dit kan dalk een van Suider-Afrika se mees ongenaakbare streke wees, maar die biodiversiteit hier is verstommend. 'n Verskeidenheid plante, diere, reptiele en voëls het aangepas om hier te oorleef.

**In spore van grootvoete**

Ek is op die spoor van die streek se befaamde woestynaangepaste olifante, wat ek saam met Richard Orr, die hoofgids by Wilderness se Damaraland Camp probeer opspoor.

Soos die son stadig maar seker sy vroeë strale oor die Etendeka-berge se hellings gooi, sien ons die afdrukke van ovaalvormige, gekraakte voetspore in die rivierbeddings se dorre klei. Richard trap die Land Cruiser se rem en ons klim uit die voertuig.

" 'n Olifant se voetspoor verklap baie," sê hy. Dit vertel jou byvoorbeeld in watter rigting die grootvoete beweeg.

Hul hakskeenspoor is gladder as die res van die voetspoor, veral as dit op 'n sagte, sanderige oppervlak lê. Op sand kan jy duidelik die gladde afdruk van die hak sien, wat 'n spoorsnyer 'n goeie idee gee waar om die trop te begin soek. Hul spore wys ook hoe hulle aangepas het vir 'n lewe in die woestyn.



Wilderness se Damaraland Camp is geleë in die Torras-bewaararea. Vanuit hul luukse tente word gaste van die lodge getrakteer op uitsigte oor berglandskappe, roesrooi valleie en grasvlaktes.

Soos ons rondom die voetspore hurk, beduie Richard met 'n takkie hoe woestynolifante se voetsole 'n groter oppervlakte het as hul savannavlaktes se eweknieë. Dit maak dit makliker om die sagte sand van die woestyn te deurkruis – amper soos 'n 4x4 waarvan jy die bande afblaas wanneer jy op sand en oor duine wil ry.

Ons klim weer op die Land Cruiser en kies koers in die rigting van die spore. Minute later sien ons hulle.

Van ver af lyk hulle soos koorsdrome uit 'n Salvador Dali-skildery – fantasmagoriese wesens waarvan die beelde deur die polsende hittegolwe verwring word. Selfs hul bene lyk langer as die van die olifante wat ek van die Kruger-wildtuin ken, merk ek op.

Dis 'n optiese illusie sê Richard. Die olifante is kleiner, ligter en meer vaartbelyn as die savanne-grootvoete omdat hulle 'n beperkte dieet het. Hul kleiner, slanker torsos laat dus hul bene langer lyk.

**Sô oorleef hulle**

Navorsers en bioloë het eers gedink woestynaangepaste olifante is 'n subspesie van die Afrika-olifant (*Loxodonta africana*). Daar is egter geen genetiese verskille wat wetenskaplikes noop om hulle as 'n subspesie te klassifiseer nie.

Hulle is eerder 'n "ekotipe", 'n uitgesoekte groep individue of 'n bevolking van 'n spesie wat fisiek aangepas het om in 'n habitat of ekostelsel te oorleef. Damaraland se olifante is byvoorbeeld kleiner met groter voete en beskik oor 'n ingeboude "watertenk", 'n sakkie of ruimte by hul keelholtes wat amper vyf liter water kan stoor.

Dr. Laura Brown en dr. Rob Ramey, twee Amerikaanse bioloë verbonde aan die Cornell-Universiteit in New York, het ook onlangs Damaraland Camp as die basis gebruik vir hul navorsing oor die woestynolifante se bevolkingsdinamiek en genetika.

"Laura en Rob het opgemerk dat woestynolifante, in teenstelling met savanne-olifante, stadiger voortplant en hul kalfies ook later gespeen word," sê Richard.

Hulle is ook nie so vernielsugtig soos savanne-grootvoete nie.

## Verblyf in Damaraland

**Bederf jouself: Damaraland Camp**
Wilderness se Damaraland Camp is geleë in die Torras-bewaararea. Vanuit hul luukse tente word gaste van die lodge getrakteer op uitsigte oor berglandskappe en roesrooi valleie. Dis 'n oerlandskap wat deur eone van geologiese worstelinge onder die aardkors gevorm is toe die superkontinent Gondwana sowat 170 miljoen jaar gelede begin skeur het.

As jy woestynolifante in lewende lywe wil sien, is die voordeel aan jou kant by die lodge, hoewel dit nooit gewaarborg word nie.

Die gidse is vertroud met die olifante se bewegings en het uitstekende kennis van die area. Wêreldklas-navorsers en wetenskaplikes gebruik gereeld die lodge as basis en dra hul kennis oor aan die personeel.

Aktiwiteite is ingesluit. Kies uit 'n wildrit met sonsopkoms of sonsondergang om die olifante te soek, of verken die landskap saam met 'n gids op 'n begeleide staptoer deur die woestyn. Hierna kan jy afkoel in die swembad of jou tuismaak op 'n dekstoel terwyl jy tuur oor die natuurtonele voor jou.

Die lodge fokus op volhoubare toerisme en het 'n ondernemingsooreenkoms (Namibië se eerste) met die Riemvasmaak-gemeenskap in die Torra-bewaringsgebied, wat hulle aandeelhouers en vennote van die lodge maak. Verder belê Wilderness ook in gemeenskapsontwikkelingsprojekte wat werk en opleidingsgeleenthede aan die area bied en poog om konflik tussen mens en wilde diere te verminder.

Pak jou verkyker en voëlboek – daar is digby 250 spesies in die streek aangeteken. Besonderse spesies om voor uit te kyk sluit in die woestynkorhaan, bloupenspappegaai, Monteironeushoringvoël. Ovamboswartmees en die amper-endemiese Hererospekvreter.

**Bespreek:** Suid-Afrikaanse burgers betaal 'n afslagtarief wat al jou etes (vier per dag wat ontbyt, middagete, middagtee, aandete en snoephappies saam met jou wildritte), drankies (koeldrank, huiswyn en plaaslike bier en drank), twee wildaktiwiteite per dag en wasgoed insluit. Pryse is onderhewig aan beskikbaarheid en seisoen. Bepalings en voorwaardes geld.

Aktiwiteite sluit in wildritte, sterrekyk en begeleide staptoere saam met 'n gids.

Die kamp kan met 'n 4x4 bereik word, maar gaste in 2x4's moet hul motors by Wilderness se veilige parkeerplekke by Fonteine Pos los. Daar is 'n pendeldiens van sowat 45 minute na die kamp, wat vooraf bespreek moet word.

**Kontak:** Skakel 021 257 5000, stuur 'n e-pos na enquiry@wilderness.co.za of besoek www.wildernessdestinations.com.

**Sakpas-alternatief: Brandberg White Lady Lodge**
As jou begroting knap is of jy verkies om te kampeer, is die Brandberg White Lady Lodge se kampeergeriewe puik. Die ablusieblokke is silwerskoon, die warm water in oorvloed en reisigers kry uitstekende waarde vir geld.

Die lodge, wat vernoem is na die bekende "Wit Vrou"-rotstekening van die Brandberg, is neffens die Ugab-rivier geleë en sowat 12 km vanaf die Brandberg-natuurreservaat. Dis die ideale plek om 'n paar dae te verwyl terwyl jy die area verken. Dis ook 152 km of twee en 'n half uur se ry vanaf Twyfelfontein.

Die wêrelderfenisgebied is soos 'n buitelugalery van rotskuns wat tussen koppies en rotsformasies versprei is. By Brandberg is daar ook rotskuns om te besigtig, waarvan die Wit Vrou van Brandberg in die Tsisabkloof die bekendste is.

**Bespreek:** Dit kos R200 per persoon per aand om te kampeer, en 'n eenmalige voertuigpermit van R50. Kinders onder ses bly gratis en kinders onder 13 betaal halfprys.

Elke staanplek het sy eie braaigerief en kraan met lopende water. Daar is nie elektriese punte nie, maar kampeerders kan toestelle soos selfone en kameras by die lodge herlaai.

Kampeerders mag ook van die lodge se geriewe gebruik maak, soos die swembad, kroeg en restaurant.

As jy nie 'n tent wil opslaan nie, is daar ook 'n verskeidenheid verblyfopsies – van tente wat reeds opgeslaan is, selfsorg-chalets en meer luukse lodge-geriewe. Hulle bied begeleide woestynolifantwildsritte teen R630 per persoon.

**Kontak:** Skakel of WhatsApp +26 481 791 3117, stuur 'n e-pos na ugab@iway.na of besoek www.brandbergwllodge.com.



Die landskap verander heeltyd – soggens is dit 'n goudgeel, gloeiende gebrande siënna en ná skemer verkleur dit na dieprooi en wasige laventel wanneer die sonnetjie agter die westerkim verdwyn.



Skemerkelkies in Damaraland is omtrent 'n gedoente en die Wilderness-personeel probeer om dit so spesiaal moontlik vir gaste te maak.

Dit het ook vir die twee navorsers voorgekom asof die olifante amper "begryp" hulle moet meer spaarsamig wees met kos en water. Die grootvoete kan ook dae aaneen gaan sonder om te suip, soms tot vier dae lank.

Die olifante het 'n matriargale sosiale struktuur en die koeie is ook die trop se navigators.

Hulle beplan die trop se migrasieroetes tussen waterbronne – gewoonlik die kortste roete met die minste hindernisse om die trop vinniger by kos en water te kry. Omdat hulle dikwels terugkeer na dieselfde areas op soek na kos en water, is hul geheue beter as die van savanne-olifante, wat die gesegde " 'n geheue soos 'n olifant" by die dorsland se dikhuide werklik regverdig.

Hulle word ook nie gebind deur grensheinings van nasionale parke of wildreservate nie weens hul nomadiese gewoontes en lang migrasieroetes – 'n trop kan daagliks tot 150 km ver stap.

Richard volg die trop na 'n droë rivierloop en die reuse lyk amper onbewus van ons teenwoordigheid. Die trop verdeel in twee groepe en toe ons weer sien is die voertuig omring deur olifante.

Dis fassinerend om die merkwaardige diere en hul gewoontes van so naby te beskou. Een groepie skop kort-kort die sand onder hul voete, amper asof hulle iets uitgrawe, terwyl 'n ander deel van die trop hul dors les by 'n mensgemaakte watergat.

Woestynolifante grawe graag hul eie watergate, selfs wanneer daar 'n waterbron naby is, verduidelik Richard die skoppery. Navorsers het bevind 'n "olifantwaterput" bevat minder mikro-organismes as watergate wat byvoorbeeld deur boorgate gevoed word.

Die woestynsand dien as natuurlike filtreerder en daar is ook nie ander besoekers met swak maniere wat dit met hul uitwerpsels besoedel nie.

"Dis die instinktiewe kennis wat van generasie tot generasie oorgedra word, wat die diere gebeitel het tot van die wêreld se mees aanpasbare spesies," sê Richard.

Hy word onderbreek deur 'n skril trompetter wat styg tot 'n kakofoniese crescendo soos dit blyk asof die res van die trop reageer op die lawaai. Dis duidelik 'n opdrag om aan te beweeg, die dag is jonk en die pad lank.

Hulle verkas in 'n stofwolk, verlig deur die laatoggendson en verdwyn so blitsig as wat hulle verskyn het.

■ **Motylska is 'n Kaapse reisjoernalis en die skrywer van *Fodor's: The Complete Guide to African Safaris* se Namibië-hoofstuk. Haar verblyfkoste by Damaraland Camp is deur Wilderness gedek.**



'n Lugfoto van die Brandberg. By die Brandberg-natuurreservaat is daar ook rotskuns om te besigtig, waarvan die Wit Vrou van Brandberg by Tsisabkloof die bekendste is. Foto: ISTOCK

## Drie idees vir roetes

Beplan om minstens vyf tot sewe dae in die mooie Damaraland deur te bring, aangesien daar soveel interessante besienswaardighede is.

**Vanaf Windhoek**
Ry vanaf Windhoek via Omaruru (C33) en Uis (C36). Dis sowat 330 km, of vier uur se ry. As jy die roete ry, sluit die Spitzkoppe by jou reisplan in. Namibië se graniet-"Matterhorn" kyk uit oor die vlaktes en is 610 m bo grondvlak.

**Vanaf die kus**
Vanaf Swakopmund en Walvisbaai reis jy via Hentiesbaai en Uis (C35). Dis sowat 195 km, of drie uur se ry.

**Via die Skedelkus**
Vanaf Torrabaai in die Skedelkus Nasionale Park na Damaraland via die Springbokwasserhek (C39) is dit sowat 300 km of vyf uur se ry.

## Padlangs

**Die regte voertuig**
As jy die streek padlangs wil verken, word 'n 4x4 aanbeveel, veral as jy Damaraland in die reëntyd besoek. 'n Sportnutsvoertuig wat nie 'n viertrekfunksie het nie, maar wel 'n hoë grondhoogte is voldoende, maar volg eerder die besiger paaie. Damaraland is meestal grondpad. Hou by die spoedgrens en moenie vinniger as 60 km/h in die bewaarareas ry nie.

**Voor die tyd**
Gaan jou noodband voor jou reis na en maak seker jou domkrag en ander bandtoerusting werk. Belê in 'n herstelstel vir pap bande (puncture repair kit), dit het al menige reisiger gered.

**Papierwerk**
Suid-Afrikaanse paspoorthouers kan sonder 'n visum reis met toerismebesoeke minder as 90 dae. Maak ook seker jy het al die nodige reis- en motordokumente. Besoek die AA se webwerf by aa.co.za/namibia-cross-border vir 'n volledige lys.

**Maak vol!**
Stop vir brandstof wanneer jy 'n vulstasie sien. Jy kan by Kamanjab, Outjo, Khorixas en Uis volmaak. In die hoogseisoen (gewoonlik in Suid-Afrika se winterskoolvakansies) raak vulstasies se brandstof soms op. As jy plek het, pak 'n ekstra petrolkan in net vir ingeval.

**Beste tyd om te gaan?**
Damaraland kan regdeur die jaar besoek word, maar in die reëntyd (Januarie tot April) kan paaie oorspoel. Van Oktober tot April draai die kwik gereeld in die middel 30's. Mei is gewoonlik die beste tyd, ná die reëntyd is alles groen en geil en wild volop. Die dae is matig, maar van Junie tot September moet jy warm klere pak – snags raak dit koud. Die besigste tye is in Junie, Julie en Augustus in die Noordelike Halfrond se somervakansies.

Mense is lugtig vir Damaraland se somerhitte en in die stiller maande kan jy soms 'n winskopie by van die duurder lodges losslaan.